

10 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 10:17-11:15

'n Koning word aangewys deur die lot

Om in die geheim as koning gesalf te word, was nie genoeg nie. Die koning moet deur die lot aangewys word. Daarom roep Samuel die volk by Mispa byeen. Maar voordat hy die lot laat werp, verwyf Samuel die volk weer eens dat hulle God as hulle Koning verwerp het. Ja, God was hulle Redder uit Egipte - nou soek hulle 'n redder om hulle uit die hande van die Filistyne te verlos.

Hierdie optrede van die Israeliete is nie vir ons vreemd nie. Bale mense verwerp vandag openlik die onsigbare God van hemel en aarde om hulle vertrouwe in die sigbare gode van rykdom, persoonlike prestasies, staatkundige en militêre strukture asook godsdienstige opvattinge te stel. Mag ons daarvan bewaar word!

Na sy aanwysing deur die lot, het die volk Saul met gejuig aanvaar. Maar voordat die koning met sy werk kon begin, moes Samuel eers die reg van die koning aan die volk bekend maak. In Deuteronomium 17:14-20 word duidelik gestel dat die koning nooit 'n willekeurige despoot mag wees nie. Inteendeel. Hy is altyd aan die bepalings van die Here onderworpe en aan Hom verantwoordelik.

Was Saul so 'n koning? Aanvanklik ja! Sy nederige wegkruip tussen die "bondels goed" (10:22) is vir ons 'n voorbeeld daarvan. Sy sagmoedigheid teen die kwaadwilliges wat hom nie as koning wou erken nie (10:27, 11:12) maak ons skaam omdat ons dikwels so onverdraagsaam is. En die eer van die oorwinning wat hy aan die Here gee, gryp ons aan. So jammer tog dat sy koningskap hom later 'n grootheidswaan besorg het - met tragiese gevolge!

Sing: Psalm 72:1,11

Dr CJ Malan (Emeritus)